



FAKULTEIT LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE

Prof Hennie Kotzé

Dekaan: Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe

DIE FAKULTEIT HET DIE AFGELOPE JAAR 'n nuwe logo in gebruik geneem. Hierdie nuwe baadjie is te sien by www.sun.ac.za/arts. Dit is die resultaat van 'n klasprojek wat onder studente in Visuele Kunste geloods is. Die hand-motief dui op die Fakulteit se sentrale fokus, die mens. Die slagspreuk "Kennisvennoot – Gespreksgenoot" dui tegelyk op die akademiese rol van die Fakulteit en op die interaksie daarinne.

Naas die nuwe beeld is ons ook opgewonde oor ons inisiatief onder die vaandel van die US se Oorhoofse Strategiese Plan (OSP). Met ingang Februarie 2009 is prof Johann Groenewald as konsultant aangestel om die Dekaan, sy bestuurskomitee en die temaleiers by te staan met die implementering van die Nagraadse Skool as die Fakulteit se vlagskipprojek.

Hierdie projek behels verskeie subtemas, waarvan twee uitgesonder is as algemene instaatstellers, naamlik die totstandkoming van 'n interfakultêre geografiese inligtingstegnologieplatform, en 'n doktorale akademie gerig op die behoeftes van gevorderde akademiese studie in Afrika-verband. Die temas wat tans deel vorm van hierdie inisiatief en wat op die internasionale ontwikkelingsdoelwitte geskoei is, sluit in:

- Konflik en vrede in Afrika.
- Grond, omgewing en volhoubaarheid in Afrika.
- Verskuiwings en vertalings: Afrika in die wêreld en in die wêreld se verbeelding.
- Op pad na volhoubare kulturele kreatiwiteit: bemagtiging van die kunste in ontwikkelende gemeenskappe.
- Wetenskap, tegnologie en samelewing.
- Gekonsolideerde geografiese inligtingstegnologie aan die US.
- Openbare geestesgesondheid.

Die gedagte is om jaarliks ongeveer 30 tot 40 addisionele voltijdse doktorale beursstudente te werf. Hulle kry dan vir een jaar navorsingsmetodologie-opleiding sodat hulle 'n stewige navorsingsvoorstel kan skryf. Daarna bly die Suid-Afrikaners aan op Stellenbosch terwyl die buitelandse studente teruggaan na hul land van herkoms om daar aan die proefskrif te werk. Daarna word 'n gesamentlike graad – tans in die onderhandelingsfase – van die twee universiteite aan hulle toegeken. Promotors en medepromotors word uit die fakulteite wat saamwerk aangewys. Ons hoofvennote is die universiteite van Botswana, Malawi, Dar-es-Salaam (Tanzanië) en Makerere (Uganda). Hulle word in die netwerk PANGeA

(*Programme for Africa's Next Generation of Academics*) ingebind om Afrika se volgende generasie akademici te help oplei.

Gedurende 2009 is 'n reklamebiljet saamgestel, 'n webwerf ontwerp en 'n reglement vir die Nagraadse Skool goedgekeur. Alle verwagtinge is oortref toe daar teen November, die sluitingsdatum vir die eerste inname, bykans 180 aansoeke ontvang is.

Die Fakulteit het egter nie net op nagraadse vlak gewoel nie. "Lettere-studente moet hoër spring!" Dit was die opskrif van die plakkaat waarin die Fakulteit aan voorgraadse studente verduidelik het dat hulle met ingang 2009 nie meer 0,3 nie, maar 0,5 HEMIS-krediete moet verdien om vir outomatiese hertoelating te kwalifiseer. Dit beteken dat 'n student minstens die helfte van sy of haar graadkursus se krediete moet slaag om met studie te mag voortgaan. So nie, moet daar om hertoelating aansoek gedoen word. Ons is vol vertroue dat dit sal bydra tot 'n verbetering van die leerkultuur in die Fakulteit.

Om die groot groep voorgraadse en nagraadse studente te bedien, is ons op 'n besondere groep dosente aangewese en in 2009 is enkele individue vir hulle insette beloon:

- Me Jeanne Ellis (Engels) en dr Lambert Engelbrecht (Maatskaplike Werk) ontvang die Rektorstoekening vir Voortreflike Onderrig.
- Prof Keith Dietrich (Visuele Kunste) en prof Cherryl Walker (Sosiologie en Sosiale Antropologie) ontvang die Rektorstoekening vir Voortreflike Navorsing.
- Prof Ashraf Kagee (Sielkunde) ontvang die Rektorstoekening vir Voortreflike Gemeenskapsinteraksie.

'n Feit wat, veral buite die kampusgrense, waarskynlik nie so algemeen bekend is nie, is dat daar 'n hele paar navorsing-sentra in die Fakulteit gesetel is. In die afgelope jaar is die akademiese struktuur verder uitgebou deurdat nog twee sentra hulle beslag gekry het, naamlik die Sentrum vir Strokies-, Illustratiewe en Boekkuns (CCIBA) in die Departement Visuele Kunste en die Sentrum vir Streeks- en Stedelike Innovasie en Statistiese Eksplorاسie (CRUISE) by die Departement Geografie en Omgewingsstudie.

2009 was 'n bedrywige, voorbereidende jaar waarin ons in 'n aantal inisiatiewe belê het wat hopelik in die nabye toekoms goeie dividende, nie net vir die Fakulteit nie, maar ook vir die Universiteit en die vasteland sal lewer.